**MPUMALANGA DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**

**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN -2009**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

# VRAESTEL 1: TAAL IN KONTEKS

## GRAAD 12
## AUGUSTUS / SEPTEMBER 2009

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip (VRAE 1,2,3 & 4) | 30 punte |
| AFDELING B: | Opsomming (VRAAG 5) | 10 punte |
| AFDELING C: | Taal (VRAE 6 & 7) | 40 punte |

2. Lees **ALLE** instruksies versigtig deur.
3. Beantwoord **AL** die vrae.
4. Trek 'n streep na elke afdeling.
5. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
6. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
7. Skryf netjies en leesbaar.
8. Skenk veral aandag aan **spelling** en **sinskonstruksie**.

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

- **Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae.**

# VINGERAFDRUKKE KEER DAT BOEKE NIE VERDWYN NIE



1. Met R374 miljoen het 15 argitekte Pretoria se jongste betonreus help bou sodat 5,5 miljoen boeke uiteindelik gehuisves kan word.

2. Die Pretoria-hoofgebou van die nuwe Nasionale Biblioteek is in Augustus 2008 amptelik geopen. Die ou gebou, eers bekend as die staatsbiblioteek, het plek gemaak vir 'n splinternuwe sikspens in die middestad.

3. "Dis die eerste keer dat alles onder een dak is," verduidelik mnr. Douwe Drijfhout, die biblioteek se programbestuurder van bewaringsdienste.

4. "In die verlede is sowat twee derdes van ons materiaal in Pretoria-Wes geberg."

5. "As 'n mens die boeke langs mekaar pak wat ons vanaf die ou gebou gebring het, sou dit 'n ketting van 26 km maak," sê Drijfhout.

6. Van die oudste publikasies in Suid-Afrika is in dié biblioteek. Die eerste koerante dateer van die vroeë 1850's.

7. "Onthou,van alles wat in druk gepubliseer word in Suid-Afrika, stoor ons 'n kopie. Ons boekvoorraad groei konstant en ons gooi niks weg nie."

8. Mnr. Jerrie Malan, hoofargitek van die biblioteek, sê dat die gebou met 'n lewensverwagting van 30 jaar ontwerp is.

9. Die biblioteek lewer 'n gratis diens aan die publiek. Boeke gaan ook nie sommer voete kry nie. Die toegangsbeheerstelsel sal mense deur hul vingerafdrukke identifiseer. Die gratis internetdiens hier is nie te versmaai nie. Die biblioteek is vanaf Maandag 4 Augustus 2008 vir die publiek oop.

**In syfers**

- Personeel – sowat 100
- Gebruikers – 1 500 op 'n slag
- Oppervlakte – 33 000 m²
- Humiditeit – konstante 50 %
- Temperatuur – konstante 18 °C
- Hoeveelheid – 2miljoen, sal met 2,5 % per jaar groei

( Verwerk uit: Beeld, Augustus 2008)

**VRAE:**

1.1 Verduidelik die betekenis van die opskrif :"Vingerafdrukke keer dat boeke nie verdwyn nie." (1)

1.2 Vyftien argitekte was betrokke by die bou van die nuwe biblioteek (par. 1). Wat doen 'n argitek? (1)

1.3 Wat het met die ou gebou gebeur? (1)

1.4 Al die materiaal wat in die biblioteek behoort, is vir die eerste keer bymekaar.

1.4.1 Is hierdie stelling **WAAR** of **ONWAAR**? (1)

1.4.2 Haal **VIER OPEENVOLGENDE WOORDE** uit die leesstuk aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.5 Wat word alles in die biblioteek gestoor behalwe die gewone boekevoorraad? (Noem **TWEE**) (2)

1.6 Pas die regte woorde in **KOLOM B** by die inligting in **KOLOM A**. Skryf slegs die vraagnommer en die simbool wat daarby pas neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.6.1 publikasies | A. 'n manier om mense te herken |
| 1.6.2 identifiseer | B. tydperk wat iets bruikbaar is |
| 1.6.3 lewensverwagting | C. iets wat baie nuut is |
| | D. gedrukte materiaal |

(3)

1.7 Watter **EEN WOORD** in die artikel bewys dat dit nie moontlik is dat die temperatuur in die bibioteek nie wissel nie. (1)

1.8 Hoekom dink jy, groei die boekvoorraad konstant? (Gee **TWEE** redes) (2)

**[13]**

**EN**

**VRAAG 2: TYDSKRIFARTIKEL**

- Lees die volgende gedeelte en beantwoord die vrae wat volg.

# PASOP VIR PADWOEDE!!!



(confessionsoo6.blogspot.com)

1. Ons almal ken die gevoel – die één dag wat jy haastig is, ry die motor voor jou teen 'n slakkepas. Jou bloed kook en dit voel asof jy iemand iets kan aandoen.

2. Hoewel ons gewoonlik nie aan dié gevoelens gehoor gee nie, is daar sommige motoriste wat uitermatige gevoelens van woede en frustrasie ervaar en dan iets onverantwoordeliks doen.

3. Vroeër vanjaar is daar berig oor die bestuurder van 'n bakkie wat 'n ander motoris koelbloedig doodgeskiet het. In 'n ander voorval het twee mans 'n taxibestuurder voor 'n bewegende motor ingedwing. Die rede vir albei voorvalle was padwoede.

4. Dr. Jacques van Zyl, sielkundige, stem saam: "Suid-Afrika het 'n kultuur van padwoede. Faktore soos ons lewenstyl wat deur stres gekenmerk word, sowel as die feit dat ons ons medemens min of glad nie in ag neem nie, lei tot 'n toename van padwoede."

5. Die meeste mense gee in die veiligheid van hulle motors aan hulle padwoede uiting en beperk dit tot 'n geskree (wat die ander motoriste nie hoor nie) en handgebare.

6. "Soms gebeur dit egter dat motoriste, veral dié onder hewige stres, hulself nie kan beheer nie en dan iets veel ergers doen en selfs hul lewe in gevaar stel," sê Van Zyl.

(Verwerk uit: *Vrouekeur*, Augustus 2008)

**VRAE:**

2.1 Noem **TWEE** emosies wat 'n haastige motoris moontlik ervaar wanneer 'n ander motoris voor hulle te stadig ry? (2)

2.2 Wat is die oorsaak vir die twee grusame insidente wat vroeër vanjaar plaasgevind het? (1)

2.3 Wat dink jy, het met die motoriste gebeur wat verantwoordelik was vir dié insidente? (1)

2.4 Skryf 'n **AANHALING** neer wat bewys dat padwoede baie algemeen in Suid-Afrika is. (1)

2.5 Noem **EEN** faktor wat lei tot 'n toename in padwoede. (1)

2.6 Watter van die onderstaande veruidelikings pas die beste by "koelbloedig" (par. 3)?

A hande is yskoud
B baie kwaad
C sonder enige simpatie
D met baie gevoel (1)

2.7 Is die volgende stelling **WAAR** of **ONWAAR**? Motiveer jou antwoord. (2)

Om teen 'n slakkepas te ry beteken om onverskillig te ry.

**[9]**

**EN**

## VRAAG 3: LEESBEGRIP – ADVERTENSIE

- Bestudeer die volgende advertensie en beantwoord die vrae.

| DEKOR | SELFDOEN |
|---|---|
| **Binneversiering behels soveel meer as die meng en pas van verskillende style – dit gaan ook oor hoe jy jou eie, unieke styl ontwikkel.**<br>Kliek op **Dekor**<br>**Dié maand wys ons jou hoe om**<br>• die perfekte kombuis vir jou te skep<br>• 'n vertrek modern monochroom in te rig | **Selfdoen het 'n belangrike plek op dié werf, want hier by *Tuis* ons jou hoe jy jou eie stempel op jou ruimte kan afdruk nie.**<br>Kliek op **Selfdoen**<br>**Dié maand wys ons hoe jy**<br>• 'n muur styl gee met plankies en profiele<br>• plakpapier kan gebruik vir 'n laaikas |

**Nuut en vars**



**SOEK**

Sukkel jy om iets op die blad te kry? Gebruik ons raakvat**soek**funksie: Tik eenvoudig jou sleutelwoorde in die soekveld, druk die selfdoen toets en daar het jy dit!

**Probeer dit vandag nog.**

**EKSTRA**

Kliek op **Ekstra** en verken alle inligting wat jou kan help om jou huis in 'n heerlike tuiste te omskep.

- Ons gee wenke oor hoe om kandelare te laat skitter
- 'n Leser kry raad vir haar vloer–dilemma
- Hou by dié reëls as jy kos in yskas bêre

**Besoek ons aanlyn by www.tuis.co.za**

| | |
|---|---|
| **Kry jou tuin gereed vir die warmer maande. Ons wys jou presies wat om te doen.**<br>Kliek op **Tuin**.<br>**Dié maand wys ons jou**<br>• hoe om aalwyne as sierplant te gebruik<br>• wat jy nou in jou tuin moet doen | **Kosmaak is 'n ritueel wat vra vir 'n resep, vir smaak, geur en geduld, Kom kook saam.**<br>Kliek op **Kos**.<br>**Dié maand wys ons**<br>• waarom persimmons so gewild is<br>• hoe om skaapboud perfek te braai |
| **TUIN** | **KOS** |

(Verwerk uit: *TUIS,* Augustus 2008)

## VRAE:

3.1 Watter funksie kan jy gebruik as jy sukkel om iets op die webwerf te kry? (1)

3.2 Die webblad het vier onderwerpe. Watter onderwerp sal jou help om 'n kamer te vergroot. (1)

3.3 **Kies die korrekte antwoord:** Met die stap-vir-stap selfdoen projek kan jy iets uit die winkel teen 'n baie (laer/hoër) koste maak. (1)

3.4 Skryf **TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE** uit die advertensie neer wat dieselfde as die seisoen "somer" beteken. (1)

3.5 Waar sal jy nog meer oor dié tydskrif kan uitvind? (1)

3.6 Waarom dink jy, is "nuut en vars" in 'n ander lettertipe gedruk? (1)

**[6]**

**EN**

## VRAAG 4: VISUELE GELETTERDHEID

- Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae.




( Uit: *Die Burger*, 2 Oktober 2002)

**VRAE:**

4.1 Dink jy die dogter in die spotprent is bekommerd oor haar matriekeksamen. Wat vertel haar lyftaal vir jou? (1)

4.2 Wat dink jy is die ma se reaksie op haar dogter se gedrag? (1)


**[2]**

**TOTAAL: AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 5

- Lees die wenke in die artikel **BEHEER PADWOEDE SÓ** aandagtig deur.
- Skryf SEWE wenke neer hoe om padwoede te beheer.
- Jy mag slegs EEN sin oor 'n wenk skryf.
- Skryf jou sinne onder mekaar en puntsgewys van nommer 1 tot 7 neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.
- Jy sal gepenaliseer word as jy meer as 70 woorde skryf of as jy NIE die getal woorde aandui nie.



# Beheer padwoede so

Moenie bestuur as jy ontsteld, kwaad of gefrustreerd voel nie. Wees eerlik met jouself. Is jy 'n gevaar vir jouself en ander motors op die pad? As jou antwoord "ja" is, kalmeer eers voor jy die rit aandurf.

Kry genoeg slaap in. Navorsing toon 'n tekort aan slaap kan tot padwoede bydra, omdat dit tot gevoelens van frustrasie en woede kan lei. Moet dus nie bestuur as jy oormoeg is nie.

Beplan jou rit vooraf. Laat jouself genoeg tyd om jou bestemming te bereik en reken ekstra tyd toe om jou bestemming te bereik en reken ekstra tyd in vir ingeval daar 'n oponthoud is. Maak seker jy voel nie soggens gejaagd nie, deur die aand voor die tyd alles vir die volgende oggend gereed te maak.

Moenie met harde musiek aan bestuur nie. Harde musiek is onrustig en kan jou net verder ontstel as jy reeds gefrustreerd is met al die probleme wat jou mede-padgebruikers veroorsaak. Luister liewer na kalmerende musiek. Dit sal jou help om ontspanne te bly.


Maak seker daar is genoeg vars lug in die motor. As dit moontlik is, draai jou venster minstens 2 cm af en haal gereeld diep asem om jou ontspanne te hou.

Hou jou ruite skoon. Dit plaas onnodige stres op jou om deur 'n vuil ruit te probeer sien. Vuil ruite sal jou uitsig belemmer en dis in elk geval teen die wet om met 'n motor te ry wat nie ten volle padwaardig is nie!

Moenie oorsensitief op die pad wees nie en moenie dit persoonlik opneem as iemand voor jou inry of vir jou toet nie. Die ander motoris mag moontlik sélf gestres of kwaad wees.

(Verwerk uit *VROUEKEUR,* 1Augustus 2008)

**TOTAAL AFDELING B: 10**



## AFDELING C: TAAL

## VRAAG 6: WOORD- EN SINSTRUKTURE

- Voltooi die paragrawe in die linkerkantste kolom met behulp van die instruksies in die regterkantse kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte antwoord neer.

| | | |
|---|---|---|
| Die liedjie op 'n CD of die fliek op 'n DVD is die (6.1 intellektueel) eiendom van die maatskappy, die (6.2 persoon wat sing) of die speler. | 6.1<br>6.2 | Gee die korrekte vorm.<br>Gee **EEN** woord. |
| Jy (6.3 breek, pleeg, oortree) die wet as jy 'n kopie van 'n (6.4 gewilde) musiek-CD maak. Dit is 'n (6.5 baie nuwe) probleem, maar glad nie so 'n klein (6.6 probleem) nie. | 6.3<br>6.4<br>6.5<br>6.6 | Kies die korrekte woord.<br>Gee die sinoniem.<br>Gee die intensiewe vorm.<br>Gee die korrekte vorm. |
| Hierdie roofkopieë van CD's en DVD's is (6.7 skaars) en dit (6.8 bedoel, beteken) dat die groot industrieë verliese (6.9 lei, lui, ly). | 6.7<br>6.8<br>6.9 | Gee die antoniem.<br>Kies die korrekte woord.<br>Kies die korrekte woord met die hulp van die woordeboek.<br>**lei** (ww) die weg<br>**lui** (ww) klink<br>**ly** (ww) skade ondervind |
| As jy 'n kopie van liedjies maak om Cp(6.10 met + dit) besigheid te doen, (6.11 m.a.w.) jy (6.12 plan) om roofkopieë van die liedjies te verkoop (6.13 tot, aan, vir) die publiek, steel jy van die musiekmaatskappy. | 6.10<br>6.11<br>6.12<br>6.13 | Gee **EEN** woord.<br>Skryf die woorde uit.<br>Gee die korrekte afleiding.<br>Kies die korrekte woord. |
| Die polisie vra die publiek se (6.14 saam + werk). Dit is die enigste (6.15 oplos) want in Suid-Afrika is die misdaadsyfer vir roofkopieë baie (6.16 hoog) as in ander lande in die (6.17 wêreld, wereld, werêld). | 6.14<br>6.15<br>6.16<br>6.17 | Gee **EEN** woord.<br>Gee die korrekte vorm.<br>Gee die vergrotende trap.<br>Kies die korrekte spelling. |
| (6.18 Skok) statistieke is, byvoorbeeld, dat een uit vier DC's roofkopieë is en dat sowat R240 miljoen se roofflieks op DVD's verkoop word. Daarom is die koeël nou deur die (6.19 kerk, dak, vuur): jy kan 'n | 6.18<br>6.19 | Gee die korrekte vorm.<br>Kies die korrekte woord. |

| VRAAG 3: LEESBEGRIP –ADVERTENSIE | | |
|---|---|---|
| 3.1 | • Die raakvatsoekfunksie | (1) |
| 3.2 | • Selfdoen | (1) |
| 3.3 | • Laer | (1) |
| 3.4 | • warmer maande (**TWEE** woorde) | (1) |
| 3.5 | • webwerf / internet | (1) |
| 3.8 | • Om die aandag te vestig /op nuwe funksies (wat bygevoeg is). | (1) |
| | **SUBTOTAAL:** | **6** |

**EN**

| VRAAG 4: VISUELE GELETTERDHEID- SPOTPRENT | | |
|---|---|---|
| 4.1 | • Sy is ontspanne / dans op die maat van musiek | (1) |
| 4.2 | • Sy is geskok<br>• Sy is verbaas/verstom<br>• Sy is uit die veld geslaan<br>(Enige **EEN** ) | (1) |
| | **SUBTOTAAL:** | **2** |
| | **TOTAAL VIR AFDELING A:** | **30** |

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 5 : OPSOMMING - *BEHEER PADWOEDE SÓ*

- Kandidate moet die opsomming in die vereiste formaat aanbied naamlik **PUNTSGEWYS**. Opsommings in die verkeerde formaat word **nie geassesseer nie!**
- Slegs feite wat in **volsinne** aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate **moet** die **korrekte** getal woorde aandui.
- Punte word soos volg toegeken
  - 7 punte vir 7 feite
  - 3 punte vir taal
  - **Penaliseer soos volg:**
    - Indien die opsomming te lank is, word daar slegs 5 ekstra **woorde** toegelaat. Die **res van die opsomming word geïgnoreer**.
    - Indien die opsomming te kort is, maar dit bevat al die vereiste inligting, word die kandidaat **nie gepenaliseer nie**.
    - Taalfoute (grammatika, spelling en punktuasie): trek soos volg van die **3 punte** wat toegeken word vir taal, af:
      0 – 4 foute : geen penalisering
      5 – 10 foute : trek 1 punt af
      11 – 15 foute : trek 2 punte af
      16 foute of meer: trek 3 punte af

- Vir direkte aanhalings van **volledige sinne** word daar soos volg gepenaliseer:
  1 – 3 volledige sinne aangehaal: geen penalisering
  4 – 5 volledige sinne aangehaal: trek 1 punt af
  6 – 7 volledige sinne aangehaal: trek 2 punte af
- Trek 1 punt af van die totaal vir getal feite plus taalgebruik (dus van die totaal uit 10) indien die kandidaat nalaat om die getal woorde aan te dui of indien die verkeerde getal woorde aangedui is.

**LET WEL:** Kandidate mag nie afkortings gebruik in hul opsomming nie, maar indien dit in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel.

- **TIPIESE TAALFOUTE**

| |
|---|
| - Woordorde in enkelvoudige sin (STOMPI)<br>- Direkte vertaling (moedertaalinvloed)<br>- Woordorde in saamgestelde sinne (Voegwoord 1, 2 en 3)<br>- Dubbelnegatief<br>- Lydende vorm<br>- Voornaamwoorde<br>- Infinitief<br>- Vreemde woorde |


- **UITSKRYF VAN ASSESSERING:**
  **(F) + (T) = FINALE PUNT**
  **7 + 3 = 10**
- Die fokus van die opsomming is: **som 7 wenke op, EEN per paragraaf.**
- Die klem is op die **donkergedrukte hoofgedagtes** en **NIE** op die **moontlike verwerking van die teks NIE.**

| **Direkte aanhaling uit teks** | **Moontlike verwerking** |
|---|---|
| 1. Moenie bestuur as jy ontsteld voel nie. / Kalmeer eers voor jy die rit aandurf. | • Bly **kalm** wanneer jy bestuur. (5) |
| 2. Kry genoeg slaap in. | • Maak seker jy **rus** goed. (5) |
| 3. Beplan jou rit vooraf. Laat jouself genoeg tyd om jou bestemming te bereik. | • Deeglike **beplanning** vir elke dag is belangrik.(7) |
| 4. Moenie met harde musiek bestuur nie. / Luister liewer na kalmerende musiek wanneer jy bestuur. | • Kalmerende musiek sal help om jou kalm te hou. (9) |
| 5. Maak seker daar is genoeg vars lug in die motor. | • Sorg altyd vir **vars lug** in die motor. (8) |
| 6. Hou jou ruite skoon. padwaardig is nie! | • **Motorruite** moet altyd **skoon** wees.(5) |
| 7. Moenie oorsensitief wees nie. | • **Vergeet** van jou **persoonlike gevoelens** wanneer jy bestuur.(8) **[37]** |
| **TOTAAL VIR AFDELING B: 10** | |

| | | |
|---|---|---|
| boete van (6.20 5000) rand kry en 3 (6.21 jare, jaar) tronkstraf! | 6.20<br>6.21 | Skryf uit in woorde.<br>Kies die korrekte woord. |
| Die polisie (6.22 sy, s'n, se) taakspan was al baie (6.23 sukses). Hulle het (6.24 gelede, verlede) jaar CD's en DVD's van R50 000 in die Durbanse hawe gekonfiskeer. | 6.22<br>6.23<br>6.24 | Kies die korrekte woord.<br>Gee die korrekte vorm.<br>Kies die korrekte woord. |

**[24]**

- Voltooi die sinne in die linkerkantse kolom met behulp van die instruksies in die regterkantse kolom. Skryf slegs die vraagnommer en die volledige korrekte sinne neer.



| | | |
|---|---|---|
| Die musiek- en filmbedryf verloor (6.25 baie geld, met die vervaardiging van roofkopieë by huise, jaarliks). | 6.25 | Gee die korrekte woordorde. (1) |
| Nadat (6.26 Die polisie vang die oortrekers uit. Hulle het gelukkig saamgewerk.) | 6.26 | Verbind die twee sinne soos aangedui. (1) |
| Kaptein Elizna Meyer sê dat (6.27 "Ek leen self ook nie CD's en DVD's vir my vriende om te kopieer nie.") | 6.27 | Skryf in die indirekte rede. (1) |
| In Suid-Afrika is (6.28 besef, met 'n skok, verlede jaar, dat roofkopieë hoër is as in ander lande in die wêreld). | 6.28 | Gee die korrekte woordorde. (1) |
| (6.29 Jy steel iemand anders se eiendom). | 6.29 | Skryf in die ontkennende vorm. (1) |
| Jy behoort (6.30 moet eerlik wees), dan hoef (6.31 jy voel sleg oor jouself). | 6.30<br>6.31 | Voltooi die sin in die infinitief. (1)<br>Voltooi die sin in die infinitief. (1) |
| (6.32 Die polisie het al baie oortreders gevang.) | 6.32 | Skryf die sin in die lydende/passiewe vorm. (1) |
| (6.33 Die grootste klopjag ooit vind in die Durbanse hawe plaas). | 6.33 | Skryf in die verlede tyd. (1) |
| (6.34 Al die eerlike mense voel nou sleg oor hulle roofskywe.) | 6.34 | Verander die sin in 'n vraag. (1) |
| As jy 'n kopie maak om daarmee | | |

| | | |
|---|---|---|
| besigheid te doen, beteken dit (6.35 jy het lang vingers). | 6.35 | Kies die korrekte betekenis vir die uitdrukking:<br>A Jy is kunstig.<br>B Jy steel.<br>C Jy is kreatief.<br>D Jy is 'n kenner. (1) |

**[11]**

## VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID

- Bestudeer die strokiesprente van Ben, Babsie en familie en beantwoord die vrae.




7.1 Hoe voel Babsie oor die geskenk wat sy van Ben ontvang het? (1)
7.2 Skryf jou eie volsin neer hoe Babsie vir Ben bedank het vir die geskenk. (2)




7.3 Wat word bedoel met die woorde: "Jy's oor die limiet van 0,5!" (1)
7.4 Hoe voel die spreekster terwyl sy Ben aanspreek? (1)

**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**